SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS



ANTON VAN WOUW

M. M. van der Dussen,
10 Oktober, 1944.

ANTON VAN WOUW


Digitized by the Internet Archive
in 2019 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/suidafrikaanseku00duto



SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS

DEUR

M. L. DU TOIT

DEEL I

ANTON VAN WOUW

NASIONALE PERS, BEPERK, Kaapstad en Bloemfontein
1933

DANK IS VERSKULDIG VERAL AAN MEV. ANTON VAN WOUW, WAT VEEL INFORMASIE VERSKAF HET. ONGELUKKIG KON WEENS HOË ONKOSTE BETREKLIK MIN VAN DIE WERKE VAN VAN WOUW GEREPRODUSEER WORD.

Van dieselfde serie is reeds in die Pers:—

IRMA STERN,
MAGGIE LOUBSER,
MOSES KOTTLER,
FRANS OERDER,
P. WENNING, e.a.

Ander is in voorbereiding.

INLEIDING

DAT 'n uitgewer gevind kan word om 'n serie van boeke oor kuns en kunstenaars te open is merkwaardig in iedere jong land. Dit is 'n teken dat daar groot belangstelling bestaan by die publiek in hierdie groot kultuuruiting van 'n volk. Mag ons aanneem dat die Nasionale Pers van Kaapstad nie in die duister tas nie, as hulle ook nou begin om 'n serie boeke of boekies oor die lewe en werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars te versamel.

Dit is 'n groot waagstuk deurdat die opmaak van dergelike boekies veel onkoste veroorsaak en die belangstelling van die publiek miskien nog te kort mag skiet.

Die idee is om met Anton van Wouw se lewe en werk te begin en dan 'n hele serie te laat volg oor ander beeldhouers, skilders en argitekte van Suid-Afrika. Die getal van beeldende kunstenaars in Suid-Afrika neem met die dag toe en dit is hoog tyd dat daar meer onbaatsugtige notisie van hulle geneem word: want is kuns dan nie een van die grootste en hoogste uitinge van 'n volk se siel nie? Is dit dan nie dat die kultuur

van 'n volk sy hoogtepunt bereik in sy godsdiens en sy kuns nie?

Dit is met kuns soos met liefde. Om 'n definisie te gee is byna onmoontlik. Ons bespeur net die teenwoordigheid daarvan as dit werklik voorhande is, en ons hoop dat ons in hierdie serie reg sal soek en reg sal tas.

Die idee is nie om volledige lewensbeskrywings van die kunstenaars te gee nie, nog minder is die idee om 'n inleiding tot kuns of die volle waardering van die kunswerke onder behandeling, te gee. Slegs 'n kort inleiding tot elke kunstenaar en dan moet afbeeldinge van die originele werke self tot die leser spreek. Die hoofkenmerk van hierdie serie sal dus die afbeeldinge van kunswerke wees.

Graag ontvang die redaksie wenke vir verbetering vir die volgende bundels.

ANTON VAN WOUW

NTON VAN WOUW is gebore in die jaar 1862 in Driebergen, Utrecht, Holland. Sy vader was 'n sekere L. A. F. H. van Wouw, sy moeder was 'n mej. Kerlen. Die vader was hoofonderwyser aan 'n skool in Rotterdam en het volle belangstelling in die opvoeding van sy seun getoon, maar dit is eintlik van sy moeder dat die jonge seun, Anton, die liefde ontwikkel het vir kuns. Dit is sy moeder wat in sy eerste jeug met prentjies haar seun vermaak het. Meneer Van Wouw vertel vandag nog met groot behae hoe hy in die teenwoordigheid van sy moeder met die skêr help prentjies uitsny het. Maar sy vader was daarop teë dat sy seun 'n kunstenaar mag word; sy ideaal was dat sy seun sy eie voetstappe moes volg en ook onderwyser word. Toe sy vader 27 jaar oud was het hy verhuis van Driebergen na Rotterdam. Toe was Anton nog slegs een jaar oud.

Anton was 'n heel middelmatige skolier wat die

gewone vakke aangaan maar het reeds as kind aanleg getoon vir kuns, tot die verdriet van sy vader, „want," het die vader gemeen, „as jy kunstenaar word dan moet jy noodwendig gebrek ly," en meneer Van Wouw beweer vandag na 'n sewentig jaar se leeftyd: „Ook had hij gelijk gehad." Maar hy het dit tog deurgesit om ten minste die eerste stappe van 'n kunstenaar te doen by 'n stukadoor in Rotterdam waar hy geleer het om gemaklik modelle te maak en vaardig te word met die hou van klip.

Veel het Anton by hierdie stukadoor geleer, maar nie alleen van sy leermeester nie, ook van vriende wat daar verkeer het. Vir tekening het hy in die begin geen besondere aanleg getoon nie maar het groot vordering in die loop van tyd gemaak. Nog vandag is meneer Van Wouw trots op hierdie tydperk van sy lewe. Die tydperk van harde werk en harde studie. Ook het hy die Akademie besoek van ses- tot tienuur in die aand, en dan saans na tienuur nog harde studie.

* *

Maar in hierdie tydperk is in Suid-Afrika 'n nuwe staat tot grote bloei gekom wat nie alleen in Suid-

Afrika groot opskudding verwek het nie maar ook in oorsese lande en veral in die Dietse lande.

Die Zuid Afrikaansche Republiek is met een sprong die middelpunt geword van spekulasie, van politieke intrigante en van groot hoop vir die Dietse volke. Van heinde en ver is mense heengestroom na Johannesburg en Pretoria om hulle geluk te soek in die myne en in die staatsdiens van hierdie jong land; en so vind ons dat ook die vader van Anton van Wouw omtrent 1882 in Bloemfontein aankom, en later na Pretoria gaan, waar hy 'n verantwoordelike betrekking beklee onder die staatsekretaris, dr. Leyds.

Anton van Wouw was toe nog geen dertig jaar oud nie, 'n jong seun met groot ambisies en met groot drome vir die toekoms, maar in Holland was dit eng en drukkend en met verlange het hy uitgekyk na 'n tyding van sy vader uit Suid-Afrika, totdat hy eendag vier portretjies van tipiese boere te sien kry: „Sapperloot, die moeten sterke mensen zijn," sê Anton van Wouw by homself. Nadat hy verlof gekry het van sy vader, is Anton dan, sewe jaar na sy vader, d.w.s. in 1889, na Suid-Afrika.

Die jong man van nog geen dertig jaar nie, vol lewensmoed maar nog onbewus van sy toekoms in 'n vreemde land soek dan werk in Pretoria. 'n Skilder soos Frans Oerder kon die Staat nog gebruik. Frans Oerder het werk gekry op die spoorweg tussen Lourenco Marques en Johannesburg. Hy moes van die dwarslêers die punte wit skilder. Vir Anton van Wouw was daar voorlopig nog geen werk wat selfs enigsins in verband met sy talent en sy strewe gestaan het nie. In Pretoria aangekom het hy gelukkig dan 'n aanstelling gekry in 'n geweerwinkel deur 'n sekere mnr. Miolee gevoer. 'n Afdeling van hierdie winkel se werksaamhede was gewere maak en repareer, en dit is in hierdie branche wat die jonge Anton hom van groot bate getoon het, en nogal 'n goeie salaris daarby: £20 per maand!

Die moeder van Anton van Wouw, Helena van Wouw-Kerlen, is met hom na Suid-Afrika gekom maar sy het egter slegs 'n jaar hier gebly en is toe terug na Europa.

Die Pretoria wat ons jonge kunstenaar in 1890 gevind het was 'n klein plattelandse dorpie, primitief

in alle opsigte; geen elektriese lig nie, aan die groot groen strate verlate huisies met tipiese, pragtige boere-figure onder die bome, 'n plattelandse dorpie wat vir kuns weinig tyd en geen geld had nie. Landsake het die eerste aandag getrek en ook tereg.

Intussen het Anton van Wouw pliggetrou sy werk nagekom in die winkel maar saans was die tyd van studie, van teken en modelleer, want diep in sy hart was hy geen besigheidsman nie. Was hy iets veel groters? Had hy die groot strewe om 'n kunstenaar te word, 'n skepper van 'n groot gedagte?

Reeds in hierdie tyd staar vir hom in die oë as die simbool van krag, die simbool van hoogste patriotisme, die grootste Afrikaner, Paul Kruger.

Sy eerste werk in Suid-Afrika is dan ook nie die van 'n beeldhouer nie maar wel van 'n skilder. Meneer Bourke, toe reeds 'n aansienlike persoon in Pretoria, het hom opdrag gegee om die mure van 'n groot kamer vir die bedrag van £250 te dekoreer. Verder het mnr. Bourke groot belangstelling getoon in die jong kunste-naar deur 'n skilderstuk van hom, die Apiesrivier, aan te koop en aan die stadsraad as geskenk aan te bied.

Hierdie skilderstuk is vandag nog in die stadsraadsaal in Pretoria te sien. En so het Anton van Wouw se eerste werk in Suid-Afrika erg van sy later werk verskil, deurdat hy meer toegang gevind het deur sy skilderwerk as deur sy beeldhouwerk.

Toe hy klaar met die opdrag van Bourke was het hy ten laaste 'n publieke werk kon doen. Hom is opgedra om 'n wapen van die Transvaalse Republiek te maak wat in die raadshuis opgestel is. Gedurende die Anglo-Boere-Oorlog is dit dan in opdrag van Lord Roberts weer uitgekap geword. Dit was alles te min om ons jong kunstenaar goed in die lewe te hou en 'n uiting te laat gee aan die ontwikkeling van sy kuns en so was hy verplig om tekenklasse te gee aan die Meisiesskool te Pretoria en die Gymnasium waar mnr. Wagner hoof was. Ook het hy terselfdertyd privaattekenklasse gegee, onder ander aan wyle regter Gey van Pittius. Dit was in hierdie drukke tyd dat hy kennis gemaak het met die suster van Jan Celliers van wie hy dan later 'n borsbeeld gemaak het. Dit was ook deur Jan Celliers dat Anton sy eerste vrou gevind het, toe hy reeds dertig jaar oud was. Die

geluk egter was erg kort, het slegs 'n twee jaar geduur en in Rome is sy toe dood, na 'n bitter lyding aan longontsteking. As gevolg van hierdie huwelik had hy twee kinders, die oudste waarvan groot aanleg vir kuns toon.

Dit was kort voor die groot Anglo-Boere-Oorlog dat die eerste geleentheid gekom het vir die jong kunstenaar. Sammy Marks het 'n £10,000 geskenk aan die Transvaal om 'n monument op te rig vir die President. 'n Advertensie het in die koerant verskyn van hierdie £10,000-monument. Toe Anton van Wouw hierdie advertensie sien was hy oortuig daarvan dat ten laaste sy groot kans gekom het. Dit was in hierdie tydperk dat hy reeds 'n ateljee besit het in 'n huis aan die hoek van Schubart- en Pretoriusstraat. Haastig het hy 'n sketsmodel in sy ateljee gemaak, fynafgewerk en sprekend, en toe het hy dit goed gevind om uitnodigings te stuur aan die verskillende volksraadslede wat belang mag stel in hierdie model. 'n Afvaardiging van sekere volksraadslede met A. D. W. Wolmarans as hoof daarvan het dan sy ateljee kom besoek en die werk uitstekend gevind. Ons mag hier aanhaal hoe onkundig

ons volk nog in díe tyd was deurdat een van die groot objeksies teen hierdie werk was: „Meneer Van Wouw, dit is pragtig, dit is ons president, maar is die monument dan nie te klein vir Kerkplein nie?"

Dadelik het 'n samespreking plaasgevind tussen president Kruger, Sammy Marks en die kunstenaar, dog ook dr. Leyds het 'n groot rol in hierdie onderhandelinge moes speel. Ten slotte, was dr. Leyds nie een van die weinige wat 'n diepe insig in hierdie saak had en ook die groot invloed van 'n volksmonument en die inspirasie van kuns geken het nie? Die president, dit wou Van Wouw graag maak, maar die boerefigure, ja, daarvoor het hy byna nog meer gevoel, en in tien minute se tyd is 'n kontrak opgetrek en geteken geword waardeur meneer Van Wouw die opdrag gekry het om teen 'n betaling van £40 per maand in een jaar president Kruger met die boerefigure te maak.

Miskien was £40 per maand 'n belaglik klein beloning vir so 'n reusewerk maar ons moet nie vergeet nie dat dit feitlik die eerste groot publieke standbeeld was wat die jonge Republiek opgerig het en ons moet nie vergeet nie dat dit die eerste groot publieke opdrag was wat

die jong kunstenaar ontvang het, en Anton van Wouw sê self: „Ik leefde zoals een prins, kon eten en drinken zoals ik wou," en daarby had hy die geleentheid om na Italië te gaan en in Italië kon hy groot inspirasie verwag en veel kennis opdoen.

Reeds by die begin het dit geblyk hoe onmoontlik dit was om in 'n enkele jaar hierdie geweldige werk te voltooi. Korrespondensie het plaasgevind tussen hom en dr. Leyds, die gevolg waarvan was dat sy kontrak verleng geword is tot drie jaar.

Natuurlik het Van Wouw hom eers aan studie gewy toe hy in Rome aangekom het en veral het die kunsskatte van die Vatikaan hom getref en het dit hom inspireer tot sy groot werk. Sy grootste moeilikheid was egter dat die sentrale figuur, die President, geweier het om te poseer. Die President was van mening dat soiets opspraak sou verwek in die Transvaal, dat soiets 'n soort selfverheffing sou beteken en Anton van Wouw moes maar uit sy eie hoof en van portrette die President in brons omskep.

Drie jaar lank het Van Wouw aan hierdie reusemonument gewerk. Onder alle moontlike vreemde

invloede het hy in hierdie tydperk gestaan maar die hele tydperk is hy tog homself gebly, streng aan sy tradisies en streng en trou aan sy kunsopvatting. Want Van Wouw glo dat dit die doel van kuns is om die lelike te vermooi en die mooie in vorm weer te gee. Uitgestrekte arms, onnodige bewegings, onrustige gewere, al dit moes by die werk van Anton van Wouw ontbreek. 'n Groot kalmte, rus in alle opsig, skoonheid van vorm, dit was die sentrale gedagte van die skepping van hierdie werk.

Toe hy dan die vier boerefigure en die reliefs, en laaste, Paul Kruger, in klei geskep het, het die goed-bekende gieter, Bruno, die werk in brons in Rome gegiet. Die groot Duitse kunskolonie in Rome het die werk besoek, interessant gevind, maar ook veel kritiek uitgeoefen. Die grootste kritiek het miskien die pluiskeil gegeld, maar so het Anton van Wouw Paul Kruger geken, statig en fors met 'n pluiskeil op die kop en so wou hy hom dan ook aan die Afrikanervolk skenk.

Die Italianers het ook die werk in die ateljee en by die gietery van Bruno besoek, en het dit „magnifiek" gevind.

Die sketsmodel van hierdie Krugermonument staan vandag in die Randklub in Johannesburg.

Veertien dae voor die uitbreek van die worstelstryd in Suid-Afrika is Van Wouw terug in Pretoria, en sy eerste stappe is na die president:

„Môre President, ek is Van Wouw."

„Ja ek sien dit."

„President, ek kom om te hoor wat van die standbeeld."

„Wag tot die oorlog oor is."

En daar het verder niks gebeur nie. Drie jaar lank het die oorlog gewoed in Suid-Afrika en reeds lank voor die end was dit duidelik dat die boerebevolking die onderspit gaan delf. Sammy Marks was een van die eerste om dit op te let en soos 'n goeie besigheidsman het hy gou sy liefde oorgeplaas na die oorwinnende party. Hy het dus die monument nog 'n keer geskenk, en wel hierdie keer aan lord Kitchener. Ons kunstenaar was woedend kwaad daaroor, want, was hierdie geskenk dan nie aan die Transvaalse volk gegee nie? Het die kunstenaar nie drie jaar lank gelewe, enkel vir die doel om iets te skep wat 'n inspirasie kon wees

vir die hele boerebevolking nie? Sy opvatting was dat Lord Roberts en Lord Kitchener en die Engelsman die land tog weer sal verlaat, maar Kruger sal voortleef in die harte van sy hele volk en Kruger sal die simbool word van dit wat die hoogste is in die boere in die Transvaal. Roberts, ten slotte, was vir hom slegs 'n soldaat, maar Kruger was meer as 'n soldaat, meer as 'n diplomaat, hy was die sinnebeeld van patriotisme.

Maar die oorwinnaar het sy mag gebreek en die vier boere met die Reliefs is met lord Kitchener na Engeland. Twee daarvan is opgestel geword in Chatham, een in die tuin van lord Kitchener, Rosebury, en een by lord Roberts.

Met groot moeite, veral deur die toedoen van Lady Philips is hierdie werke terug na Suid-Afrika gekom. 'n Paar jaar lank moes die werke nog op Pretoriastasie lê en in 1925 is hierdie werk, dan, toe Anton van Wouw reeds 'n ou man was, toe die Republiek van die Transvaal reeds iets van die verlede was en toe die Afrikanervolk weer groot inspirasie nodig had, onder blyke van die grootste belangstelling opgerig voor die stasie op Stasieplein. Duisende mense het uit

die hele Suid-Afrika hierdie plegtigheid bygewoon.

En nou staan ons voor die groot vraag: Hoe moet ons hierdie werk van Van Wouw beoordeel? Mag ons dit beoordeel slegs as 'n volksmonument of moet ons dit ook beoordeel van die reine kunsstandpunt? Volksmonument is die Paul-Kruger-Standbeeld geword in die beste sin van die woord. Iedere jaar skaar duisende mense sig op die 10de Oktober om hierdie monument en iedere jaar spreek hierdie reusefiguur tot die duisende. Die monument is diep in die hart van die volk gesink en dit is reeds iets heiligs geword, en iedere jaar sien ons nog die reeds oud-geworde kunstenaar voor die monument staan en as daar 'n persoon is wat diep aangedaan voel dan is dit Van Wouw. Sy eerste groot werk, sy grootste in die Transvaal en wat tog nog nie opgerig is na sy sin nie. Want die voetstuk is smaakloos en te laag. As volksmonument staan Paul Kruger daar as een van die grootste werke van Suid-Afrika. Want 'n patriot wou Van Wouw vir ons voorstel, en dit het hy gedoen. 'n Inspirasie wou hy wees vir die hele volk en tot in lengte van dae sal dit nog so wees. Die grootste in die Boerevolk wou hy

simboliseer; dapperheid en getrouheid. Dit alles is tot simbool geword in hierdie monument, en so sal dit nog tot ons spreek die eeue deur.

Maar as kunswerk is daar veel te kritiseer. Was dit nodig die President in sy swakste ou dae ons voor te stel? Is die pluiskeil dan nie werklik iets so barbaars lelik dat dit iedere beeldhouwerk moet bederwe nie? Is die houding van die President nie iets te swak nie? En is die konsepsie van die hele werk van die President, ook van die boerefigure en die reliefs, nie erg konvensioneel nie?

* *

Dit is miskien goed van pas dat ons onmiddellik na die bespreking van die Paul-Kruger-Monument die tweede groot publieke werk van Anton van Wouw hier noem: die Vrouemonument in Bloemfontein.

Ons kunstenaar is van mening dat hierdie werk nie by sy Paul-Kruger-Monument haal nie. Dit is twyfelagtig of die volk van Suid-Afrika saam met hom dink, want dit is tog waar dat 'n tragedie, iets oorweldigend droefs, veel dieper tot die hart van iedere wese spreek. En of dit nou 'n vriend of 'n vyand is, niemand verlaat

die kop by Bloemfontein, wat nie 'n traan afvee nie, of dit nou 'n Boer is of 'n Engelsman.

Paul Kruger is die simbool geword van krag en van vaderlandsliefde: die „Übermensch" van die Boere, maar die Vrouemonument is die teken van die grootste smart van die Boerevolk en hoewel daar tog ook moed by een van die figure bespeur kan word, is die grondmotief daarvan moedeloosheid, droefheid en lye. Maar alles van die hoogste karakter, 'n berustende droefheid: „God het gegee en God het geneem."

Die idee om die lye en smart van ons Boerevrou so vir ons Boerevolk in klip en brons te verewig, is uitgegaan van president Steyn, en Van Wouw praat met die hoogste lof en eerbied as hy van die groot liefde van die President van die Vrystaat praat. Die besieling is van hom uitgegaan maar van kuns sê die President, had hy geen verstand nie en laat hy dit aan die kunstenaar oor. Hierdie werk wat in 1912 opgerig is, het 'n £12,000 gekos en is ook in Italië deur Van Wouw gemaak, waar hy die voorreg had om in die ateljee van Canova te werk.

Ook Van Wouw erken dat sy hoofdoel by die

skepping van hierdie monument was iets regs treurigs, iets erg tragies voor te stel: „Ik wou dit nog treuriger maken."

Die een vrou met die kind kyk uit na die ver vlaktes van die Vrystaat en waarheen sy kyk weet niemand nie. Dit is of alle moed en alle vertroue in die toekoms verlore is. Die Afrikaanse volk is ondergegaan en sy is die enigste oorgeblewene.

Die droefheid het haar oorweldig en dit is ene wanhoop geword maar die tweede vrou staan wakker daarby en met 'n gevoel van groot droefheid kyk sy ook in die verre toekoms, maar vol vertroue dat die Afrikaanse volk weer sal herleef en weer tot 'n grootheid sal ontwikkel. Maar bo alles rys die groot simbool van vertroue in God, die Obelisk wat na die bloue hemel wys. Die werklike diepere betekenis van hierdie monument lê in die konsepsie van die kunstenaar: hoop en vertroue, nieteenstaande die tragedie van ondergang.

Die argitek wat met Anton van Wouw saamgewerk het was mnr. Soff. Vir hierdie werk was daar in die veertig kompeterende insendings.

Hierdie twee werke is die grootste wat Anton van

Wouw aan Suid-Afrika geskenk het, en dit sal sekerlik die twee werke wees wat in die toekoms tot iedere lid van die Afrikaanse volk sal spreek, die van president Kruger, omdat die volk reeds 'n groot sentiment daarom gebou het, en die Vrouemonument, omdat dit in sigself 'n sentiment besit, die tragedie van die Afrikaanse volk. En mag ook 'n Bernard Shaw of 'n Conan Doyle smalende woorde gebruik oor die Afrikaanse volk of oor hierdie monumente, dit sal vir *ons* ten minste die gevoel van patriotisme of liefde vir ons verlede wakker hou.

Die ander groot openbare werke van mnr. Van Wouw dra heeltemal 'n ander karakter. Dit is almal werke wat in opdrag gedaan is, en dit kom soms voor of die volle liefde van ons kunstenaar nie aan hierdie publieke werke geskenk is nie.

Hulle is fyn afgewerk, volkome getrou na die natuur, maar die persone wat voorgestel word is dikwels sonder siel en sonder inspirasie. Daar is dan vereers die President-Steyn-Standbeeld in Bloemfontein wat veral tot die eer strek van die jong Afrikaanse studente wat lid is van die Afrikaanse-Studente-Bond en wat groten-

deels verantwoordelik is vir die bymekaarbring van 'n groot som om hierdie standbeeld te laat maak. Ook hierdie monument wat vandag voor die Grey-Universiteitskollege in Bloemfontein staan, is in Italië gegiet. 'n Werk wat egter myle ver agter die Vrouemonument staan en wat sekerlik nie soveel inspirasie besit as die Pretoriase monument nie. Tog had juis Anton van Wouw 'n groot liefde en agting vir hierdie volksleier.

Die „Onze-Jan"-Standbeeld in Kaapstad staan op Kerkplein naby die sentrale versamelplek vir die Afrikaner in Kaapstad, by die Koffiehuis. En iedereen wat die Koffiehuis besoek moet noodgedronge hierdie volksleier in brons raaksien, met sy hande agter sy rug, 'n onartistieke baadjie, met 'n kenmerkende houding, glad nie juis 'n mooie nie, styf en korrek, waar hy die woorde uitspreek: „Is dit ons ernst?" Iedereen wat „Onze Jan" ken beweer dat die gelykenis sprekend is, en as sulks staan „Onze Jan" in Kaapstad voor ons: nie as 'n strelende kunswerk nie, maar as 'n „Onze Jan" soos ons hom in sy lewe, in sy werk en veral in sy publieke optrede geken het.

Daar is in Kaapstad ook genl. Lukin, wat Anton

van Wouw opgerig het in die Botaniese tuine met die heerlikste omgewing denkbaar in Suid-Afrika, maar dit is tog of hierdie figuur in kakie hom ontuis voel tussen so 'n mooie omgewing — dit is of kakie hom ten slotte nie verleen tot inspirasie vir ons kunstenaar nie.

Genl. Botha se monument staan voor die Tegniese Kollege in Durban maar nie soos ons hom in die laaste jare geken het nie. 'n Generaal in die diens van die Empire, ook in kakie gekleed, trots in die diens vir 'n vreemde gewelddoener, trots in die diens van die vyand van sy eie Afrikanervolk, en trots op sy kakiekleding. Nie so het Anton van Wouw genl. Botha in brons laat giet nie: „Want zoo heb ik hem niet gekend." As Boeregeneraal, as oorwinnaar van Colenso, as die held van die Boere-oorlog staan genl. Botha in die mees Engelse stad van Suid-Afrika: „Want zoo heb ik hem gekend."

In ag kerke in Suid-Afrika hang plaques van genl. Lukin as nagedagtenis aan hierdie groot generaal, die hoof van die Suid-Afrikaanse magte oorsee gedurende die groot wêreldoorlog, werke veel intiemer, met meer gevoel as die kakiestandbeeld in Kaapstad.

* *

Aan portrette van bekende persone is die volgende te noem: genl. Delarey, van wie Van Wouw twee aparte borsbeelde gemaak het, met 'n groot liefde, want genl. Delarey is een van die persone wat Van Wouw geïnspireer het, en hom gebring het tot die groot karaktertrek van die Afrikaner, wat hom reeds in Holland getref het, sy vaderlandsliefde. Hierdie twee bronsbeeldjies is klein in formaat en het nog weinig publieke erkenning ontvang. Veel geweldiger is die borsbeeld van genl. De Wet. Dit is een van die groot wense van mnr. Van Wouw dat hy nog voor sy dood 'n opdrag kry genl. De Wet te skep in brons soos hy hom voorstel: voorvegter vir vryheid, voorvegter vir die ideale van die Boerevolk. As Wilhelm Tell sou hy hom aan die Afrikaanse volk wil voorstel; en so staan reeds in die ateljee in Johannesburg 'n reusebors-beeld van ons Generaal: wreed in sy vasberadenheid, maar groot in sy patriotisme, 'n ware volksman. Een van die groot werke van Anton van Wouw. Mag spoedig geld en geleentheid gevind word om ons reeds oue kunstenaar opdrag te gee hierdie werk te voltooi; want dit sal 'n groot verlies wees as juis Anton

van Wouw nie hierdie werk mag klaar maak nie.

Jopie Fourie is deur ons kunstenaar gemaak geword, reeds na sy dood egter, toe Jopie Fourie reeds een van ons tragiese helde in ons geskiedenis was. Toe die polisie uitvind dat Van Wouw besig was met hierdie werk wou hulle ingryp en beslag lê op die relief, maar die werk van Anton van Wouw is deurgaans so ontbloot van alle haat; 'n liefde vir 'n persoon, en 'n liefde vir 'n volk straal uit al sy werk, en so moes hulle hom ook hier in vrede laat.

President Kruger is ook in verdere klein beeldjies behandel deur Anton van Wouw. Daar is die bekende borsbeeld van hom, maar daar is veral die pragtige werk: President Kruger in Ballingskap. Die Johannesburgse Kunsgalery is die trotse besitter van 'n kopie van laasgenoemde werk. Dit is een van die mees aangrypende van die kleiner werke van Van Wouw: President Kruger is weg van sy volk en sy land, en is bewus daarvan dat sy volk sy vryheid reeds verloor het, en nou sit hy in 'n groot leuningstoel in diepe oorpeinsing met Gods Woord op sy skoot. Dit is of die President heeltemal moedeloos is, en of die swakheid

van ouderdom en teleurstelling hom energieloos maak, en sy ouderdom nog meer beklemtoon. Dit is of die eensaamheid om ons President heers. Dit is een van die heiligste werke van Anton van Wouw, en een van die werke wat iedere Afrikaner behoort gesien te hê.

Ook van genl. Botha bestaan 'n borsbeeld deur Anton van Wouw, ook van genl. Hertzog.

'n Besonder mooi standbeeldjie van ou meneer Lehman bestaan ook, tipies in sy houding en uitdrukking.

Die Nederduits-Gereformeerde Kerke het reeds veel monumente laat oprig in Suid-Afrika. Ongelukkig is die grootste getal monstrositeite van onartistisiteit en lelikheid. Die Kalvinisme in Suid-Afrika is sekerlik nie verantwoordelik, deur middel van sy kerkgeboue, vir groot kunswerke nie, veral wat die meer moderne aangaan. Nog minder verantwoordelik vir groot beeldhouwerk.

Daar is in Wellington een van die verfoeilikste werke van 'n groot man, dr. Andrew Murray, geplaas, direk aan die hoofstraat en voor die kerk. 'n Werk wat selfs geen gelykenis besit van hierdie groot kerkman

nie. Nog erger egter is die aborsie wat in Kaapstad op Kerkplein direk naas die Groot Kerk staan, wat ook dr. Andrew Murray moet voorstel. En om te dink dat hierdie werk verkies is uit 'n groot getal van insendinge, en om te dink dat die pragtige werk van Anton van Wouw, stralend in sy eenvoud, bewend in sy senuagtige houding, vol lewe, een van die trotsste en beste werke van ons kunstenaar verwerp is by hierdie keuse, is ons onverstaanbaar. En so staan hierdie Andrew Murray in gips, nog in die ateljee te wag op die kerkraad wat verstandig genoeg sal wees om 'n reine kunswerk, wat die siel van 'n groot Godsman interpreteer, te bestel.

Een van die mooi karaktertrekke van Anton van Wouw is dat hy soveel belanggestel het in sommige van ons jong kunstenaars wat toe probeer het vorentoe te kom; so in die jonge Pierneef, Fanie Eloff en veral Gordon Leith. Nie alleen het hy hulle aangemoedig in hulle werk nie, maar ook daadwerklik gehelp deur leiding te gee aan hulle. Veral Gordon Leith het die groot waardering en liefde van ons kunstenaar geniet. Hy beskou ook hierdie argitek as een van ons aller-

bekwaamste, en dit is 'n genot om te hoor hoe 'n oue kunstenaar, wat reeds alle eer verwerf het wat hy moontlik kon ontvang, oor die jonge argitek praat.

Van Gordon Leith het Anton van Wouw dan ook 'n besonder mooi werk geskep waar hy as seun by ons kunstenaar te leer gaan.

Daar bestaan ook 'n paar vroueportrette deur Anton van Wouw. Daar is by voorbeeld die aangrypende portret van mev. Pyper: vasberadenheid op haar hele gesig, veral by haar lippe. Want hierdie portret is meer as 'n portret; dit moes vir die kunstenaar die Voortrekkervrou voorstel, en as sulks interessant, omdat Van Wouw so weinig afwyk van die natuur. Die natuur is so vol skoonheid, so vol van inspirasie, dat vir Van Wouw 'n nabootsing van die natuur reeds oorvloedig genoeg is vir die kunstenaarsiel. Maar by mev. Pyper het hy tog 'n nuwe element ingebring; sy kuns dien as simbool!

'n Portret bestaan ook van die dogter van advokaat Hjalmar Reitz van Pretoria. Ook 'n heel interessante vrouestudie: „Die Flapper."

Die werk wat aan Van Wouw miskien die grootste

bekendheid in Suid-Afrika gegee het, is sy Naturelle-studies. Hoe merkwaardig is dit tog dat al ons beeldende kunstenaars wat hulle besig hou met die mens juis soveel aandag moet skenk aan die naturel. Miskien moet ons hier 'n uitsondering maak op 'n paar soos by voorbeeld mnr. Edward Roworth, maar Maggie Loubser, Irma Stern en Kottler en Anton van Wouw vind hulle almal aangetrek na die wonderlike liggaamsbou en kleur van die natuurkinders van Suid-Afrika, en so is van die mooiste werke van Van Wouw, sy Kaffers wat hy gewoonlik in die mooiste tydperk van hulle lewe behandel — by hulle werk.

Daar is 'n groot versameling aan die Johannesburgse Kunsgalery waar ons 'n mooi oorsig kry oor die beste werke van hierdie tipe, die mees opvallende is seker daar waar die Kaffers in die myne werk, waar die wonderlike anatomiese kennis van ons kunstenaar te voorskyn kom en sy liefde vir mooi vorm volle uiting vind. Hier sien ons hoe mnr. Van Wouw 'n byna beangstigende oplettingsvermoë besit. Vir sommige van ons, altans, is egter die kafferstudies wat nie so natuurtrou is en wat nie so 'n werklike navolging van die

natuur is nie, van groter en meer waarde. Wonderlik is die Slapende Kaffer, eenvoudig maar trots in die onbewuste bewustheid van die skoonheid van sy liggaam.

Daar is die ou kafferopperhoofde, sommige wat soos Romeinse Senatore daaruit sien. Maar oral vind ons die eenvoud en die troue nabootsing van die natuur, 'n liefde van die kunstenaar nie alleen vir sy onderwerp wat hy behandel nie, maar ook vir die materiaal waarin hy werk, selfs in 'n werk soos die Boesman op die Oorlogspad.

Mooi in sy eenvoud, nog mooier in die simbool is die monument wat Anton van Wouw vir die Betjoeanas vir hulle gestorwe koning Khama moes oprig, en hier het Anton van Wouw saamgewerk met Gordon Leith, wat die argitektoniese gedeelte van die monument gemaak het. Anton van Wouw se werk is die pragtige bokkie wat die gees van die oorlede opperhoof voorstel. So 'n monument spreek in sy eenvoudige simboliek nie alleen tot die stamonderdane van die koning nie, maar ook tot die Europeane. En ons mag hierdie bokkie as die kensketsende teken aanneem van al die kaffer-

werke van Anton van Wouw. Eenvoudig in sy onskuld, die primitiviteit van die swart rasse in Suid-Afrika, maar tegelykertyd die mooi vorm wat iedere welgeboude Kaffer kenmerk.

Hierdie klas van werk van Anton van Wouw het hom nie alleen in Suid-Afrika bekend gemaak nie, maar ook in baie lande oorsee. En dit is hierdie werk wat dan ook selfs, wonder bo wonder, deur die Suid-Afrikaanse museums opgekoop word, en dit is hierdie werk wat ook in private huise graag aangeskaf word.

Maar dit is tog opvallend dat, hoe ons kunstenaar afwyk van sy eerste groot werk, of hy nou beeldjies maak aan die Standaardbank in Pretoria, of hy klokke maak aan die Hoofposkantoor in Pretoria, Leeukoppe vir die Uniegebou, 'n uil op 'n huis, of hy besigheidsgeboue in Johannesburg dekoreer, werk doen vir die Randklub in Johannesburg, of hy „Flappers," Lehman of ander portraiteer, hy keer tog terug tot die Afrikaanse volk en gewoonlik tot sy groot tragedie: die vryheid en die verwerkliking daarvan, of die droefheid oor die verlies daarvan.

„Slegte Nuus" heet een van die fantasiegroepe van

Anton van Wouw. Twee Boerefigure buitekant op die vlaktes in egte burgerdrag, met gewere nog byderhand, ontvang die nuus dat weer 'n groot slag gelewer is en die Boere verslaan — slegte nuus. Die onafhanklikheid van die land is verlore, en moedeloos laat die burgers die gewere val; alle hoop op 'n verdere toekoms is verlore. Dit is nie die moeite werd om verder te stry nie. Maar een burger is tog nog vasberade om verder te stry, nieteenstaande die slegte nuus. Nieteenstaande die boeremag oorwonne is, en 'n groot held miskien gevalle. En so wys Anton van Wouw met sy volle krag altyd voorwaarts na 'n nuwe ideaal vir die Afrikanervolk.

Vir hierdie werke van Van Wouw moet ons hom beskou as een van ons grootste helde, moet ons hom vereer as een van die brengers van 'n nuwe toekoms vir ons volk.

Die Boerenooientjie mag byna as teenhanger van laasgenoemde werk geld. Waar die twee burgers die man in sy strewe in Suid-Afrika voorstel, so is die Boerenooientjie 'n samevatting van die adel en die mooie in die Afrikaanse jong meisie. Geen wonder ook

dat juis van hierdie werk reeds 'n twintig eksemplare oor die lengte en breedte van Suid-Afrika versprei is nie, en dat menigeen tot eenvoud en tot verinnerliking deur hierdie werk aangespoor word.

Ons vereer persone wat nuwe insigte ontdek en ons ken hulle doktersgrade toe aan ons universiteite, maar iemand wat soveel gedaan het en so opreg uit sy hart gespreek het, wat hom so 'n groot volksman getoon het, verdien voorwaar ook 'n publieke erkenning van die Afrikanervolk.

In Pretoria is 'n nuwe universiteit ontstaan met 'n nuwe gees en hoë verwagtings: of nie juis hierdie universiteit dit goed sal dink om mnr. Van Wouw op een of ander manier te vereer nie?

U mag beweer dat Anton van Wouw geen groot skepper is van gedagtes nie, dat sy werke miskien fantasie ontbreek, dat sy opvatting van skoonheid afwyk van die vandag-erkende, dat sy tegniek konserwatief is en nog meer sy opvatting van kuns, dat sy afkeer van alles wat modern is, om die minste te sê, komies is. En u mag reg wees of verkeerd, maar u sal moet erken, soos reeds aangehaal, dat ons hier met 'n buitegewone

persoon te doen het, 'n persoon wat van buite gekom het en hom so vereenselwig het met 'n jong opkomende volk, wat nog onbewus van homself was maar wat hy gehelp het om bewus te word. Bewus van sy verlede, bewus van sy groot toekoms. Onder al die helde wat Anton van Wouw geskep het staan daar 'n groot held tussen hulle, fier en trots, 'n groot inspirasie vir iedere jong man in Suid-Afrika, staan Anton van Wouw self.

Mag Suid-Afrika met eerbied tot hierdie kunstenaar kom en mag ons ons dankbaarheid aan hierdie groot leier nog voor sy dood opreg en uitbundig vertoon.

ILLUSTRASIES

1 — BOER VAN DIE KRUGERMONUMENT



2 — DIE VROUEMONUMENT

3 — DIE VROUEMONUMENT : DIE HELDINNE

AAN ONZE
HELDINNEN
EN LIEVE KINDEREN
"UW WIL GESCHIEDE"

4 — DIE VROUEMONUMENT : RELIEF

5 — BOERENOOIENTJIE

7 — PRESIDENT PAUL KRUGER IN BALLINGSKAP

9 — BOER OP BRANDWAG

89

10 — DIE KUNSTENAAR EN GENL. LUKIN

11 — SLAPENDE KAFFER

13 — KAFFER MET HANDBOOR

15 — SJANGAAN



17 — KAFFER MET MASJIENBOOR

18 — KONING KAMA VAN BETSJOEANALAND



19 — BOESMAN OP DIE JAG



LYS VAN ILLUSTRASIES :

1 — BOER VAN DIE KRUGERMONUMENT
2 — DIE VROUEMONUMENT
3 — DIE VROUEMONUMENT: DIE HELDINNE
4 — DIE VROUEMONUMENT: RELIEF
5 — BOERENOOIENTJIE
6 — DR. ANDREW MURRAY
7 — PRESIDENT PAUL KRUGER IN BALLINGSKAP
8 — SLEGTE NUUS
9 — BOER OP BRANDWAG
10 — DIE KUNSTENAAR EN GENL. LUKIN
11 — SLAPENDE KAFFER
12 — DAGGAROKER
13 — KAFFÈR MET HANDBOOR
14 — MIELIEPAPETER
15 — SJANGAAN
16 — SOELOE
17 — KAFFER MET MASJIENBOOR
18 — KONING KAMA VAN BETSJOEANALAND
19 — BOESMAN OP DIE JAG
20 — SKAPU-SPELER